# Vervaardigers van 'Judge Dredd' sê ja vir nuwe Kaapse rolprent-ateljee

**Carin Smith,** Kaapstad

Nog voor die Cape Town Film Studios (CTFS) in Faure naby Somerset-Wes sy deure amptelik oopgemaak het, is die eerste groot slag geslaan met die verfilming van *Judge Dredd* wat daar gaan plaasvind.

DNA Films (wat vir onder meer *The Beach* en *Trainspotting* verantwoordelik was) gaan meer as $20 miljoen (sowat R146 miljoen) aan die produksie bestee.

Mnr. Nico Dekker, uitvoerende hoof van die CTFS, sê die breër ekonomiese voordeel vir Kaapstad en Suid-Afrika sal waarskynlik sowat $50 miljoen wees.

Dit is die eerste groot 3D-aksierolprent wat in Suid-Afrika verfilm word en nuwe tegnologie gaan gebruik word. Sylvester Stallone het oorspronklik die strokiesheld Judge Dredd op die silwerdoek vertolk en Karl Urban, wat die dokter in *Star Trek* gespeel het, gaan dié keer sy skoene probeer volstaan.

"Dit is fantasties dat ons so 'n projek kon bekom so kort ná die resessie, ten spyte van die sterk rand en selfs nog voor ons oopgemaak het," sê Dekker.

Gerugte dat selfs die Londense rolprentbedryf deur die resessie geknou is, maak die CTFS se prestasie vir hom des te groter.



**Mnr. Nico Dekker (middel) uitvoerende hoof van die Cape Town Film Studios (CTFS) in aksie tydens 'n demonstrasie van spesiale effekte op die terrein.**

Foto: NEIL BAYNES

Na verwagting gaan die CTFS sy deure amptelik in Oktober open. Voorbereidingswerk vir *Judge Dredd* het egter klaar begin en die verfilming behoort tot Maart volgende jaar te duur.

Hoewel die bekostigbaarheid van verfilming in Suid-Afrika, asook die CTFS se tegniese standaarde van wêreldgehalte volgens die vervaardigers van die rolprent die deurslag gegee het, sê Dekker die indruk wat Kaapstad se natuurskoon op hulle gemaak het, moet nie onderskat word nie.

Die Kaapstadse stadsraad se bereidwilligheid dat sommige tonele by die Burgersentrum in Kaapstad se sakekern verfilm mag word, was nog 'n belangrike faktor.

"*Judge Dredd* is 'n uitstekende produksie om mee af te skop omdat dit grootliks op tegniese elemente van 'n baie hoë standaard gegrond word. Dit gaan die grootste deel van ons produksievermoë van 17 000 m² opneem," sê Dekker.

"Net soos in rugby is lande soos Australië en Nieu-Seeland van ons grootste mededingers in die rolprentbedryf," skerts Dekker.

"Internasionale vervaardigers vergelyk Suid-Afrika gewoonlik ook met wat lande in Europa, Suid-Amerika, Kanada en Mexiko kan bied.

"Ek dink die vervaardigers het bietjie verlief geraak op Kaapstad en hou van die idee om die CTFS as basis te hê vir die volgende sewe maande.

"Die vertroue wat hulle in my en my span stel, is beslis 'n groot pluimpie," sê Dekker.

Onderhandelings oor die verfilming van ander rolprente by die CTFS is tans aan die gang.